



Gee Lig aan Ons Wêreld

## Om met God te praat

Om te bid is om u hart aan God bloot te lê soos aan ŉ vriend. Nie dat dit nodig is om God te vertel wie ons is nie, maar sodat ons Hom kan ontvang. Gebed bring God nie na ons toe af nie, maar hef ons na Hom toe op. Toe Jesus hier op aarde was, het Hy sy dissipels geleer hoe om te bid. Hy het hulle beveel om hul daaglikse behoeftes na God te neem en al hul bekommernisse op Hom te werp. Die versekering dat hul smeekbede verhoor sou word, is ook ŉ versekering vir ons.

## Ons behoefte aan gebed

Jesus het self, terwyl Hy tussen die mense gewoon het, baie gebid. Ons Heiland het Homself met ons behoeftes en swakhede vereenselwig. Hy het smeekbidder geword en van sy Vader nuwe krag gevra sodat Hy kon voortgaan, gestaal vir plig en beproewing. In alle dinge is Hy ons voorbeeld. Hy is ons broer in ons swakheid, wat "in alle opsigte versoek is net soos ons". As die sondelose Een het sy aard egter van sonde teruggedeins; Hy het stryd en sielsfoltering in ŉ sondige wêreld verduur. Sy menslikheid het gebed ŉ noodsaaklikheid en ŉ voorreg gemaak. Hy het vertroosting en vreugde in gesprek met sy Vader gevind. As die Redder van die mensdom - die Seun van God - behoefte aan gebed gevoel het, hoeveel te meer behoort swak, sondige sterflinge na vurige aanhoudende gebed te smag.

Ons hemelse Vader wag om die volheid van sy seëninge op ons uit te stort. Dit is ons voorreg om vryelik van die immerborrelende fontein van liefde te drink. Hoe vreemd dan tog dat ons so min bid! God wag om die opregte gebed van die nederigste van sy kinders te hoor. Nogtans is daar baie huiwering van ons kant om ons begeertes aan God bekend te maak. Wat moet die engele in die hemel dink van arme hulpelose mense wat aan versoeking blootgestel word, terwyl God se hart van oneindige liefde daarna smag om hulle meer te gee as wat hulle kan vra of dink – en tog bid hulle so min en het so min geloof! Die engele buig graag voor God neer; hulle wil graag naby Hom wees. Omgang met God is hulle grootste vreugde. Tog lyk dit asof die mensekinders – wat God se hulp so dringend nodig het – heeltemal tevrede is om sonder die lig van Sy Gees, sonder die kameraadskap van sy teenwoordigheid, voort te ploeter.

## Die sleutel tot oorwinning

Die duisternis van die bose omsluit dié wat nalaat om te bid. Sy listige influistering verlei hulle om te sondig, omdat hulle nie gebruik maak van die voorregte wat God hulle gee in die goddelike gebedsafspraak nie. Waarom huiwer God se kinders om te bid, as gebed die sleutel in die hand van geloof is om die hemel se skatkamers oop te sluit, waar die eindelose hulp van die Almagtige bewaar word? Sonder voortdurende gebed en volgehoue waaksaamheid staan ons die gevaar om onverskillig te word en van die regte pad af te dwaal. Die teenstander poog gedurig om die pad na die genadetroon te versper, sodat ons nie deur ernstige smeekbede en geloof die genade en krag kan bekom om versoeking te weerstaan nie.

Bid in u binnekamer. Terwyl u alledaagse pligte doen, hef u hart tot God op. So het Henog met God gewandel. Hierdie gebede styg soos kosbare wierook op na die troon van genade. Satan kan die persoon, wat in God geanker is, nie oorweldig nie.

## Voorwaardes van gebed

Daar is sekere voorwaardes vir die verhoring en beantwoording van ons gebede. Een van die belangrikste voorwaardes is dat ons ŉ behoefte aan sy hulp ervaar. Hy belowe, "Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond" (Jesaja 44:3). Dié wat honger en dors na die geregtigheid, wat na God smag, kan seker wees dat hulle gevul sal word. Die hart moet ontvanklik wees vir die invloed van die Heilige Gees, anders kan ons God se seëninge nie ontvang nie.

Ons groot behoefte is op sigself ŉ veelseggende argument wat in ons belang pleit. Ons moet egter die Here met ons hele hart soek om hierdie dinge vir ons te doen. Hy sê, "Vra, en dit sal vir julle gegee word" (Matthéüs 7:7) en "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32).

As ons sonde in ons harte koester, as ons wetend aan enige sonde vasklou, sal die Here ons nie hoor nie. Die gebed van die berouvolle, verslae siel word egter altyd aanvaar. Wanneer alle oortredings bely is, kan ons glo en weet dat God ons smeekbede sal verhoor. Ons eie verdienste sal nooit God se guns wen nie - dit is die verdienstelikheid van Jesus wat ons sal red. Net sy bloed sal ons reinig. Nogtans het ons ŉ werk om te doen om aan die voorwaardes van aanvaarding te voldoen.

Nog ŉ aspek van voortdurende gebed is geloof. "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ŉ beloner is van die wat Hom soek" (Hebreërs 11:6). Jesus het aan sy dissipels gesê, "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry" (Markus 11:24). Glo ons werklik wat Hy sê?

### Niks is te moeilik vir God om te hanteer nie

Lê u begeertes, u vreugdes, u smart, u bekommernis en u vrese aan die voete van die Here neer. U kan Hom nie belas of vermoei nie. Hy wat weet hoeveel hare op u kop is, staan nie onverskillig teenoor die behoeftes van sy kinders nie. "Die Here is vol medelye en ontferming" (Jakobus 5:11). Sy hart van liefde word deur ons hartseer geraak - selfs as ons net daaroor praat. Neem alles wat u hinder na Hom toe. Geen probleem is te groot vir Hom om op te los nie, want Hy hou die wêrelde in stand, Hy regeer oor die ganse heelal. Niks wat ons vrede versteur, gaan by Hom verby nie. Geen hoofstuk in ons ervaring is te donker vir Hom om te lees nie; niks is te ingewikkeld vir Hom om te ontrafel nie. Geen onheil sal die geringste van sy kinders tref, geen angs sal die siel teister, geen vreugde uitbasuin, geen opregte gebed geprewel word waarvan ons hemelse Vader nie bewus is of waarin Hy nie intens belang stel nie. "Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde" (Psalm 147:3). Die verhouding tussen 'n siel en sy Skepper is so besonders en volledig asof daar nie nog 'n ander siel op die aarde is wat sy sorg benodig nie, nie nog 'n siel vir wie Hy sy geliefde Seun gegee het nie.

Gebaseer op *Skrede na Christus* deur EG White
Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

Meer oor hierdie onderwerp

Kyk na: www.hopetv.org/glow

Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**